AKADEMIA

AD FUTURUM PER FONTES

# *Voltydse dosent:*

## SOSIALE WETENSKAPPE

PAARL

Akademia is ’n Christelike, klassieke en onafhanklike hoëronderwysinstelling wat verbind is tot die uitnemende opleiding en vorming van studente vanuit en vir Afrikaanse taal- en kultuurgemeenskappe. Akademia het vanaf Januarie 2027 ’n voltydse pos op die **Paarl-kampus** vir ’n **dosent in Vergelykende Politiek, Politieke Teorie (of Geskiedenis van Politieke Denke), en Politieke Filosofie** in die Departement Sosiale Wetenskappe in die Fakulteit Geesteswetenskappe beskikbaar.

## POSDOELSTELLING

’n Dosent is daarvoor verantwoordelik om gehalteonderrig aan studente te bied deur klasaanbiedings en leerervarings wat ’n toonbeeld van onderrig en leer by ’n klassieke hoëronderwysinstelling van die vrye kunste is. Die pos vereis dat akademiese take, navorsing en akademiese gemeenskapsdeelname ywerig verrig word. Leiding in ’n akademiese konteks aan studente om goedgevormde mense te word, word hooggeag. ’n Dosent streef daarna om as leier op ’n vakgebied erken te word en streef verdieping in alle klasaanbiedings na.

## VERANTWOORDELIKHEDE

- voorbereiding en dosering van moduleinhoud
- kurrikulumontwikkeling
- navorsing op vakgebied ter ondersteuning van onderrig en leer, en professionele ontwikkeling
- opstel van assesseringsaktiwiteite in ’n kontak- en afstandsleeromgewing
- akademiese gemeenskapsdeelname
- lewering van bystand en akademiese ondersteuning aan studente

## POSVEREISTES

- ’n meestersgraad in Politiek
- ’n begrip van die samehang tussen politiek en filosofie, en die onderskeid tussen politiek as wetenskap en politieke teorie as die geskiedenis van politieke denke
- minstens twee jaar se hoëronderwyservaring
- ervaring in versnitte leer (*blended learning*)
- blootstelling aan en die vorige gebruik van onderwysmedia

## VAARDIGHEDE

- sterk verbale en geskrewe kommunikasievaardighede
- interpersoonlike vaardighede
- prioritiserings- en tydsbestuursvaardighede
- moet onafhanklik en in spanverband kan funksioneer
- moet inisiatief kan neem
- oplossingsgedrewe
- vermoë om werk onder druk te voltooi
- ’n liefde vir Afrikaans
- ’n ambassadeur vir Akademia wees deur te help om die instelling uit te bou

**Klik hier om vir die pos aansoek te doen.** Slegs Afrikaanse CV’s sal aanvaar word. **Aansoeke moet voor of op 13 September 2026 ingedien word.** Stuur ’n e-pos met jou Afrikaanse CV na vakanteposte@akademia.ac.za indien jy probleme met die skakel ervaar.

Akademia behou die reg voor om nie ’n aanstelling te maak nie. Akademia is kragtens die Wet op Hoër Onderwys 75 van 1997 by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding geregistreer (registrasienommer: 2011/HE08/005). Akademia is deel van die Solidariteit Beweging.



**Akademia MSW** (Maatskappyregistrasienommer: **2005/024616/08**) is by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding as privaat hoëronderwysinstelling geregistreer ingevolge die Wet op Hoër Onderwys 101 van 1997, Registrasienommer: 2011/HE08/005; Direkteure: M.J. Visser (besturende direkteur), dr. D.J. Hermann, H.J. Schalekamp, P.W.A. Steyn, prof. D.P. Goosen, P.J.W. Buys en J.D. Symington.